

As jy geestelik moeg raak, dink aan Jesus (OP110)

Heb 12:3-4

27 November 2022

Vandag wil ek stilstaan by Heb 12:3-4. Kom ons vat net weer kortliks die argument van die skrywer saam. In Heb 10 het die skrywer ons daarop gewys dat gelowiges met vrymoedigheid mag ingaan in die heiligdom langs die nuwe lewende weg wat Jesus vir ons geopen het. Hy het ons ook daaraan herinner dat ons nie hierdie vrymoedigheid moet prysgee nie, want dit hou 'n groot beloning in. Die beloning is natuurlik dat ons eventueel in die Allerheiligste van die ware tabernakel mag ingaan. Ons kan ons vrymoedigheid om daar te mag ingaan, behou deurdat ons volhard in die geloof. Heb 11 het ons toe meer geleer van geloof: Geloof oortuig ons van die dinge wat ons hoop, soos om in die Allerheiligste te mag ingaan, en is 'n bewys van die dinge wat nie met die blote oog gesien kan word nie, soos byvoorbeeld die nuwe lewende weg. In Heb 11 het ons ook geles van 'n verskeidenheid Ou Testamentiese gelowiges wat end-uit in die geloof volhard het.

Laasweek het ons na Heb 12:1-2 gekyk. Uit hierdie verse het ons geleer die ingang langs die nuwe lewende weg, is 'n wedloop. Ons moet in hierdie wedloop volhard tot die einde toe. Terwyl ons aan hierdie wedloop deelneem, moet ons ontslae raak van elke las wat ons aandag van die wedloop kan afneem, asook van elke sonde wat tot gevolg kan hê dat ons van die wedloop gediskwalifiseer kan word. Ons moet ook die getuigenis van gelowiges wat voor ons geleef het gebruik om ons te lei in hoe ons in verskillende situasies tydens die wedloop moet optree. Maar veral moet ons ons oog gevestig hou op Jesus. Hy is die Leidsman wat deur Sy lyding die nuwe lewende weg vir ons oopgebeur het, en sedert Sy hemelvaart sit Hy aan God se regterkant op die troon, en lei elke gelowige deur die werk van die Heilige Gees om te groei sodat hulle almal saam deel kan kry aan die volheid van die koninkryk van God – Hy is sodoende ook die Voleinder van hulle geloof.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 12:3-4. Lees dit weer. Natuurlik sluit verse 3-4 baie nou aan by verse 1-2. Maar daar is ook 'n verskil. Verse 3-4 se inhoud vul die inhoud van verse 1-2 aan. Die inhoud van verse 1-2 het gefokus op die innerlike stryd wat daar in 'n gelowige tydens sy lewe hier op aarde heers. Dit is 'n stryd teen sy oorblywende sondige natuur, dit is 'n stryd teen laste en sondes. In hierdie stryd moet die gelowige leer van ander gelowiges, maar veral moet hy Jesus in die oog hou. Die aspek van Jesus se werk waarop die gelowige moet fokus in hierdie innerlike stryd, is die feit dat Jesus die Leidsman is wat vir hom geregtigheid bewerk het, en dat Jesus ook die Voleinder is wat sal verseker dat al God se beloftes vir die gelowige in vervulling sal gaan.

Daarteenoor, fokus verse 3-4 op die uiterlike stryd wat 'n gelowige ervaar. Dit is die stryd teen die wêreld en die duiwel en die mense wat hom navolg. Dit is 'n stryd wat dikwels na vore kom wanneer die gelowige lyding ervaar. Wat hierdie verse ons wil leer is hoe die gelowige staande moet bly in hierdie stryd.

Die Hebreërs het geestelik moeg geword (Heb 12:3-4)

In vers 3 rig die skrywer 'n oproep tot sy lesers dat hulle nie geestelik moeg moet raak en uit die wedloop sak nie. Onthou wie die eerste lesers van die brief was: Hulle was Christene wat uit die Jode afkomstig was. Intussen het hulle egter baie druk van die Jode ervaar, en hulle het begin wonder of hulle nie maar moet terugkeer na die Jodedom nie. Hulle het dus geestelik moeg geword. Die gevaar verbonde aan geestelik moeg word, is dat dit aanleiding kan gee daartoe dat hulle heeltemal sal uitsak – dit sal gebeur as hulle sou besluit om wel terug te keer na die Joodse geloof. Wat verstommend is, is dat hulle in die verlede alreeds ernstige lyding ervaar het, en destyds het hulle dit

suksesvol hanteer. Lees Heb 10:32-34. Uit hierdie verse is dit duidelik daar was tye waartydens hulle beledig is, hulle is openlik bespotlik gemaak, van hulle is selfs in die gevangenis gegooi en daar is op hulle besittings beslag gelê. Alhoewel hierdie vorige lyding ernstig was, sê Heb 12:4 hulle het egter nog nie ten bloede toe teenstand gebied in die stryd teen die sonde nie, m.a.w. hulle het nog nie met hulle lewens betaal in hierdie lyding nie. Die punt van vers 4 is egter: Alhoewel hulle tot op hede nog nie ten bloede toe vervolgt is nie, is die moontlikheid steeds daar dat dit in die toekoms wel nodig mag wees. Hulle moet dit verstaan en hulle moet hulleself voorberei met die oog hierop. In Luk 14:28 het Jesus geleer dat as iemand 'n toring wil bou, dan gaan sit hy tog eers en bereken die koste om vas te stel of hy genoeg geld het om die projek te voltooi. Die punt van Jesus se lering was dat Sy volgelinge die berekening moet gaan maak of hulle kans sien om Sy dissipels te wees al dan nie. Dissipelskap van Jesus het eise en gevolge – ons moet die berekening gaan doen of ons bereid is om dissipels te wees. Dit is ook die boodskap aan Die Hebreërs: hulle moet bewus wees daarvan dat hulle selfs nog erger lyding kan verwag as wat hulle alreeds ervaar het, en die oproep is dat hulle hulleself daarop moet voorberei. Die feit dat hulle vantevore suksesvol lyding ervaar het, neem nie die feit weg dat hulle hulle moet voorberei vir selfs erger lyding nie. Die vraag is of hulle bereid is om soos Paulus in Hand 21:13 te kan sê: “Ek is bereid om nie net gevange geneem te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterf ter wille van die Naam van die Here Jesus.”

Natuurlik is hierdie oproep om bereid te wees om lyding, selfs ten bloede toe, te weerstaan waar vir alle gelowiges. In Joh 15:20 het Jesus vir Sy dissipels gesê: “'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolgt het, sal hulle julle ook vervolgt.” In Fil 3:10 redeneer Paulus hy reken alles as verlies, sodat Hy Christus kan leer ken, onder andere deur sy verbondenheid met Christus se lyding.

Hierdie oproep en waarskuwing geld natuurlik ook vir ons. Ek glo die meeste van ons sal getuig dat ons ook nog nie ten bloede stryd teen die sonde gevoer het nie. Ons hoor van lande waar gelowiges erge lyding ervaar a.g.v. hulle geloof. Ons lyding daarenteen is tipies minder erg. Ja, ons word miskien van tyd tot tyd gespot oor ons geloof, of dalk is ons al 'n geleentheid ontsê om aan iets deel te neem omdat ons nie aan sekere praktyke wou deelneem nie. Maar dit is nie lyding ten bloede toe nie. Trouens, die meeste van ons het ook nog nie eens gely soos die Hebreërs al wel gely het nie. Daar is nog nie beslag gelê op ons besittings nie, ons is nog nie in die tronk gegooi nie. Maar die waarskuwing aan ons is steeds: Dit mag in die toekoms kom. Die feit van die saak is dat die Westerse wêreld al hoe meer wegdryf van God en sy gebooie. Nie net word die samelewing al meer liberaal nie, maar daar is baie liberale oortuigings wat deesdae selfs deur wetgewing afgedwing word op almal. Dink maar aan die politieke stryd wat heers oor sake soos lyfstraf, aborsie, doodstraf en LGBTQ. Dit word 'n al groter moontlikheid dat ons stryd kan verwag as ons Bybelse standpunte hieroor handhaaf, en wie weet wat die gevolge daarvan gaan wees. Die vraag is: Is jy gereed? Het jy al die koste bereken? Of gaan jy dan geestelik moeg word, selfs heeltemal uitsak?

Hoe voorkom ons om geestelik moeg te word? (Heb 12:3)

Natuurlik gee dit aanleiding tot die belangrike vraag: Maar hoe kan ons voorkom dat ons geestelik moeg word en uitsak wanneer lyding op ons pad kom? Die antwoord in Heb 12:3 is: “Dink inderdaad aan Jesus wat so 'n vyandigheid van die kant van sondaars teen Hom verduur het”.

Onthou nou wat ons laasweek geleer het in verse 1-2: Daar het ons geleer om in die wedloop te volhard in daardie innerlike stryd om laste en sondes af te lê, moet ons die oog hou op Jesus die Leidsman en Voleinder van ons verlossing – ons moet Hom in die oog hou, veral die feit dat Hy die Leidsman is wat die nuwe lewende weg vir ons geopen het, en dat Hy die Voleinder is wat ons by die volle vervulling van God se beloftes sal bring.

In vers 3 lees ons nou dat as ons ons self weerbaar wil maak teen ernstige lyding in die stryd teen die sonde, moet ons “Dink”. Ons moet dink aan Jesus. Die term wat hier met “dink” vertaal word, beteken ons moet gaan weeg, gaan vergelyk of gaan bereken. Wat is dit wat ons moet gaan weeg, vergelyk of bereken? Ons gaan die vyandigheid van die kant van sondaars wat Jesus verduur het moet weeg, vergelyk, bereken. Die Hebreërs moes gaan besin het oor wat Jesus beleef het, en dit dan weeg of vergelyk met die lyding wat hulle beleef het. Verder moes hulle ook Sy optrede vergelyk met hulle eie optrede.

AW Pink skryf hieroor. Hy sê: Die Hebreërs, en dus ook ons, moes gaan dink oor Jesus en hoe Hy vergelyk met die mense wat Hom vervolg het. Dink daaraan: Hy was God self, Hy was die Geliefde van die Vader, Hy was die tweede Persoon in die Drie-Eenheid, Hy was die Skepper van die hemel en die aarde. Vergelyk dit met sy teenstaanders: Hulle was mense, sondaarmense. Vergelyk Sy oneindig perfekte karakter en goeie daade met die ondankbaarheid, onregverdigheid en bose vervolging waarmee hulle Hom gekonfronteer het. Vergelyk Sy sagmoedigheid en geduld met die konstante en intense teenstand wat Hy ervaar het. En as jy hierdie vergelyking gedoen het, gaan doen dan die vergelyking tussen Sy lyding en jou persoonlike lyding.

Kom ons dink in meer detail hieroor:

In Joh 1:10-11 lees ons: “Hy (Jesus) was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en tog het die wêreld Hom nie erken nie, Hy het gekom na wat Syne was, en tog het Sy eie mense Hom nie aanvaar nie”. Die verwerping wat Jesus ervaar het komende van mense wat Hy geskep het, was intens. Hy is konstant teengestaan met woord en daad – selfs deur Sy eie mense, m.a.w. die Jode, die mense wat Hy uitverkies het as Sy volk en onder wie Hy soveel wonderwerke gedoen het. Dit het al begin by Sy geboorte – toe daar nie ‘n plek in ‘n herberg was vir Hom om gebore te word nie. Daarna wou Herodes Hom doodmaak, soveel so dat sy ouers met Hom Egipte toe moes vlug. Verwerping was deel van die volle 3 jaar van Sy openbare optrede. Toe Hy die mense geleer het op die huttefees, is Sy lering teengestaan en is Hy daarvan beskuldig dat hy die mense mislei het (Luk 23:14), toe tollenaars en sondaars gekom het om na Hom te luister, is daar oor Hom gemor oor Hy saam met sondaars eet (Luk 15:2), toe Hy op ‘n sabbatdag ‘n man se hand gesond maak, is Hy daarvan beskuldig dat Hy die wet oortree het (Mark 3:2), toe Hy siekes en duiwelbesetenes gesond gemaak het, is Hy daarvan beskuldig dat Hy dit deur die duiwel doen (Mat 12:24), Hy is beskuldig as ‘n vraat en ‘n wynsuiper, Hy is beskuldig daarvan dat Hy Hom teen die keiser verset het (Joh 19:12), terwyl Hy geleer het die mense moet aan die keiser betaal wat die keiser toekom (Matt 22:21). Hulle het op Hom gespoeg, hulle het Hom gespot deur vir Hom ‘n koninklike kleed aan te trek en kastig voor Hom te buig, hulle het Hom ge gesel en geslaan, hulle het Hom valslik ter dood veroordeel, hulle het Hom saam met kriminele gekruisig.

En nogtans het Hy nie geestelik moeg geword en uitgesak nie. Ten spyte van al die verwerping wat Hy onregverdiglik beleef het van mense wat ver minder as Hy was, het Hy nie opgegee nie. Nee, Hy het doelgerig voortgegaan om die sending waarvoor Hy gekom het suksesvol te voltooi – om die Leidsman te wees van die verlossing van almal wat aan die Vader behoort. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy voort gegaan ten spyte van al die lyding en verwerping.

Edgar Andrews vergelyk die lyding wat Jesus ervaar het met dit wat die Hebreërs ervaar het. Hy sê: Hebreërs, voel julle julle word verwerp deur julle volksgenote? Jesus is ook deur hulle verwerp, maar Hy was nie net hulle volksgenoot nie, Hy was hulle Skepper. Hebreërs, word julle vervolg deur die Jode? Jesus is ook deur hulle vervolg, maar Hy is selfs deur hulle vermoor, deur die nasie wat Hy uitgekies om Homself aan te openbaar. Hebreërs word julle sleg behandel deur sondaars? Jesus, wat die Heilige is, is valslik deur sondaars beskuldig van opstokery en Godslastering. Hebreërs, is julle

beledig en openlik bespotlik gemaak? Jesus is gespot as die sogenaamde Koning van die Jode, Hy is beledig deurdat Sy werk as werk van die duiwel beskryf is. Hebreërs, is daar op julle besittings beslag gelê? Jesus, die Seun van die Mens, het nie eens 'n plek gehad om Sy kop neer te lê nie. Hebreërs, is julle in die gevangenis gegooi? Jesus is valslik beskuldig, valslik ter dood veroordeel en saam met kriminele misdadigers gekruisig. Hebreërs, word julle geestelik moeg en wil julle uitsak? Dink dan inderdaad aan Jesus wat so 'n vyandigheid van die kant van sondaars verduur het, en nogtans nie geestelik moeg geword en uitgesak het nie. Dink veral aan Hom, want die moontlikheid bestaan dat julle in die toekoms selfs ten bloede toe teenstand sal moet bied, al was dit tot nog toe nie nodig nie.

Dieselfde oproep kom na ons as Nuwe Testamentiese gelowiges. Voel ons ons word verwerp deur die mense rondom ons? Voel ons die wêreld behandel ons sleg? Word ons beledig en openlik bespot? Voel ons dit is die einde van die wêreld as ons goed wederregtelik gevat word? Wel, dink dan aan Jesus. Dink aan die vyandigheid wat Hy verduur het van sondaars. Dink aan hoe Hy nie toe geestelik moeg geword en uitgesak het nie. Voel jy soms die lyding en verdrukking wat jy beleef is swaarder as die lyding of verdrukking van gelowiges rondom jou? Dink dan aan Jesus, dink aan die vyandigheid wat Hy verduur het en dat Hy nie geestelik moeg geraak en uitgesak het nie. Maar, Nuwe Testamentiese gelowige wat in 'n land lewe met godsdiensvryheid, maak ook jou oë oop: Dit mag wees dat jy ook dalk in die toekoms in die tronk gegooi gaan word oor jou geloof, of selfs dat jy ten bloede toe teenstand sal moet bied oor jou geloofsoortuigings. Dink daarom nou al aan Jesus en die vyandigheid wat Hy ervaar het. Grawe jou daarin, bestudeer dit, bedink dit, sodat dit jou geestelik sterk kan maak op die dag dat dit nodig word. Bereken nou al die koste of jy dit sal kan deurstaan. En indien jy twyfel, dink nog meer oor Jesus en Sy lyding, en vra die Heilige Gees om jou geestelik sterk te maak deurdat jy op Jesus fokus.

Hoekom beleef gelowiges soveel vyandigheid?

Nou sou 'n mens kon vra: Hoekom beleef gelowiges soveel vyandigheid van sondaars rondom hulle? Hoekom is die lyding wat hiermee saamgaan 'n realiteit in die lewens van gelowiges? Hoekom duld God dit? Hoekom stop God dit nie? Het Jesus dan nie alreeds die duiwel oorwin nie?

Om dit te verstaan moet ons terug gaan tot by Gen 1 en 2. God het alles geskep, ook die mens. Reg van die begin af het God sekere verwagtinge van die mense gehad. Onder andere het God vir die mense die opdrag gegee om die tuin te bewerk en op te pas (Gen 2:15). Verder moes die mens die aarde vul en dit onderwerp (Gen 1:28). Let op: daar is 'n verskil tussen die opdrag rakende die tuin en die aarde. Die tuin, wat die woonplek van die mens was, moes bewerk en opgepas word, terwyl die aarde onderwerp moes word. Ons kan nie nou op al die detail hiervan ingaan nie, maar dit kom daarop neer dat God van die mense verwag het om die veilige hawe van die tuin uit te brei totdat die tuin die hele aarde sou vul. Hulle moes dus enersyds die tuin oppas en bewerk as hulle blyplek, maar dan moes hulle ook die res van die aarde gaan onderwerp – sodat dit deel van die tuin kan word. Intussen moes die mens vermeerder en die aarde vul. Die verwagting van God was dus dat die mens die hele aarde sou onderwerp (deel maak van die tuin) en dit vul. Gestel die mens sou dit suksesvol voltooi het – wat sou dan die gevolg wees? Wel, dit word nie pertinent vir ons gesê nie, maar ons kan dit aflei: Op die sewende dag moes hulle rus. En Heb 4:9-11 leer ons dat daar steeds 'n sabbatsrus oorbly vir die volk van God, en dat ons ons moet beywer om in die rus in te gaan. Hierdie sabbatsrus is al deur God voorsien in die skeppingsweek. Ons kan dus aflei dat as die mens God se verwagtinge met die skepping suksesvol sou voltooi het, sou hulle deel gekry het aan die sabbatsrus.

Ons weet die sondeval het gebeur. Dit het gebeur toe die duiwel eers vir Eva en daarna vir Adam verlei het. Die duiwel is 'n gevalle engel. Ons weet nie presies wanneer die duiwel in opstand gekom het teen die Here nie, maar dit moes voor die sondeval gewees het. Ek is oortuig dit is hoekom die

Here vir die mens gesê het hulle moet die tuin oppas – hulle moes onder andere die tuin oppas teen die duivel. Die belangrike punt wat ons moet raaksien is dat God se verwagting van die mens van die begin af was dat hulle gehoorsaam moet wees teenoor Hom – selfs al is daar 'n duivel. Dit het van die begin af behels dat daar stryd sal wees. Selfs al sou Adam en Eva nie in sonde geval het nie, sou hulle stryd gehad het om die aarde te onderwerp, die tuin uit te brei en terselfdertyd die duivel teen te staan. Die sondeval is die gevolg van die feit dat hulle geswig het in hierdie stryd.

Hierdie stryd duur steeds voort. Ef 6:12-13 verduidelik hierdie stryd vir ons. Hierdie stryd is nie ten diepste teen vlees en bloed nie, maar wel teen die bose geeste in die hemelruim. Hierdie stryd is dus 'n stryd teen die duivel en sy aanhangers. Sy aanhangers sluit die bose geeste in, sowel as die mense wat hulle navolg en in hulle diens is. Ef 6 leer dan ook ons moet ons bewapen vir hierdie stryd deur God se wapenrusting aan te trek, of soos wat Heb 12 ons leer dat ons voorbereid moet wees op die moontlikheid van erge lyding.

Maar het Jesus dan nie alreeds die duivel oorwin nie? Hoekom duur die stryd dan voort selfs nadat Jesus met eer en heerlikheid gekroon is, onder andere omdat Hy die duivel oorwin het, en in 'n posisie van gesag aan die regterkant van God sit. Ja, Jesus het die duivel oorwin. Die oorwinning is behaal, maar die oorlog is nog nie verby nie. Die duivel is gebind, hy kan nie doen wat hy wil nie, hy kan net doen wat God hom toelaat om te doen. Maar hy loop steeds rond soos 'n brullende leeu op soek na iemand, veral gelowiges, om te verslind (1 Pet 5:8). Daarom het die Hebreërs alreeds in die verlede lyding ervaar, en daarom word hulle gewaarsku dat dit in die toekoms weer kan gebeur, selfs ten bloede toe. Daarom moet ons as Nuwe Testamentiese gelowiges ons ook voorberei met die oog hierop. Immers, het Jesus geleer dat as hulle Hom vervolg het, kan ons as Sy volgelinge verwag om ook vervolgt te word.

Maar hoekom laat God dit toe? Hoekom stop God dit nie? Onthou, selfs voor die sondeval was God se verwagting van die mens om selfs in die teenwoordigheid van die duivel gehoorsaam te wees aan Hom. God wil hê die mens moet leer Hy is heerliker as die duivel, en is die Enigste Een wat gehoorsaam moet word. Die mens moet dit leer sodat hy werklik in sy hart oortuig sal wees al die eer behoort aan God alleen. Daarom is die duivel steeds hier – ja, genadiglik is hy gebind, ja, hy is net instaat om te doen wat God hom toelaat. Maar, hy is hier sodat ons kan leer om selfs in sy teenwoordigheid gehoorsaam te wees aan God. Dit is juis wanneer die duivel en sy aanhangers vyandig optree teenoor ons, dat ons kan leer.

Hoe leer ons? Ons dink aan Jesus. Ons dink aan Jesus wat so 'n vyandigheid van sondaars teen Hom verduur het. Hy het hierdie vyandigheid verduur juis toe Hy aarde toe gekom het om die duivel te bind. Natuurlik was die duivel woedend teenoor Hom. Daarom het Jesus die ergste lyding ervaar – vandat Hy in hierdie wêreld gebore is tot in daardie drie ure van duisternis aan die kruis waar Hy die duivel oorwin het. Maar nou is hy gebind. Ons leef in die teenwoordigheid van 'n gebonde duivel, en dit is in sy teenwoordigheid dat ons moet leer om God gehoorsaam te wees. Maar ons leef ook in die teenwoordigheid van die Een wat die duivel gebind het, die Een wat in die hemel sit aan God se regterkant, die Een wat Sy Heilige Gees gestuur het om ons te leer van sonde, geregtigheid en oordeel, die Een wat nie net die Leidsman van ons geloof is nie, maar ook die Voleinder. Laat ons daarom aan Hom dink en van Hom leer om gehoorsaam te wees selfs al is dit nodig om ten bloede toe stryd te voer teen die sonde, die duivel en al sy trawante.

Samevatting

Kan ek saamvat: Ons, as gelowiges, mag langs die nuwe lewende weg in die Allerheiligste van die ware tabernakel ingaan. As ons daar ingaan, dan gaan ons ook die ewige sabbatsrus in, wat God van

die begin af voorsien het. Maar God se verwagting is dat net diegene wat aan Hom volmaak gehoorsaam is, daar mag ingaan. Dit moet gedemonstreerde gehoorsaamheid wees. Ongelukkig was nog geen mens suksesvol hierin nie, nie Adam en Eva nie, en geen mens sedertdien nie. Maar Jesus het gekom. Hy was perfek gehoorsaam. Hy het perfek gehoorsaam aan Sy Vader geleef selfs ten spyte van die felste aanslae van die duiwel en sy aanhangers. Nie net was Hy perfek gehoorsaam nie, Hy het ook die duiwel oorwin en gebind. En so het Hy deur sy gehoorsaamheid die volmaakte Leidsman van verlossing geword vir gelowiges. Hy het die volmaakte offer gebring om te betaal vir elke keer wat die gelowiges nie gehoorsaam was nie. En toe het Hy gaan sit in die hemel, en Sy Heilige Gees gestuur, deur wie Hy elke gelowige lei in hulle groei in gehoorsaamheid. Hulle groei in hulle gehoorsaamheid deurdat hulle Jesus in die oog hou as hulle Leidsman en Voleinder van die geloof, en so stry hulle daardie innerlike stryd teen laste en sonde wat hulle so maklik omring. Hulle groei ook in hulle gehoorsaamheid deur aan Jesus te dink in hulle uiterlike stryd teen die sonde wanneer hulle lyding en vervolging ervaar, selfs ten bloede toe.

Geliefdes, mag die Vader ons genadig wees sodat ons werklik die oog gevestig sal hou op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, en ook die Een wat die volle aanslag van die duiwel weerstaan het en hom selfs gebind het. Mag ons van Hom leer wanneer ons ook aanslae van 'n gebonde duiwel ervaar.